



# education

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **RIGLYNE VIR DIE OPSTEL VAN GRAAD 12- EKSAMENVRAESTELLE VIR TALE**

**HUISTAAL**

**EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**TWEEDE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**Hierdie riglyn bestaan uit 8 bladsye.**

**INHOUDSOPGawe**

	<b>Bladsy</b>
<b>1. Inleiding</b>	<b>3</b>
<b>2. Doel</b>	<b>3</b>
<b>3. Formaat en struktuur van en puntetoewysing in vraestelle</b>	<b>3</b>
<b>3.1 Voorblad</b>	<b>3</b>
<b>3.2 Instruksies/opdragte en inligtingsbladsy</b>	<b>3</b>
<b>3.3 Afdeling A: Leesbegrip</b>	<b>4</b>
<b>3.3.1 Vraagstelling</b>	<b>4</b>
<b>3.3.2 Nasien van leesbegrip</b>	<b>7</b>
<b>3.4 Afdeling B: Opsomming</b>	<b>7</b>
<b>3.4.1 Vraagstelling</b>	<b>7</b>
<b>3.4.2 Nasien van Opsomming</b>	<b>8</b>
<b>3.5 Afdeling C: Taal</b>	<b>9</b>
<b>3.5.1 Vraagstelling</b>	<b>9</b>
<b>3.5.2 Nasien van taal</b>	<b>10</b>
<b>3.6 Afdeling D: Letterkunde (slegs TAT)</b>	<b>10</b>

**1. INLEIDING:**

Hierdie riglyne moet in ooreenstemming met die volgende beleidsdokumente gelees word (wat beskikbaar is by skole, distrikskantore en op die webblad – [www.education.gov.za/www.thutong.org.za](http://www.education.gov.za/www.thutong.org.za)):

- *National Protocol on Assessment*
- *Nasionale Kurrikulumverklaring*
- *Vakassesseringsriglyne (Januarie 2008)*.

**2. DOEL:**

Die doel van hierdie riglyne is om die opstel van vraestelle in al elf amptelike tale te standaardiseer ten opsigte van:

- Getal afdelings
- Lengte van tekste en tipe tekste
- Tipe vrae en verskillende vlakke van die vroegte
- Puntetoevysing
- Nasienmemorandums/assesseringsrubriek.

**3. FORMAAT EN STRUKTUUR VAN EN PUNTETOEKENNING IN VRAESTELLE****3.1 Voorblad:**

Die voorblad van die vraestel moet die volgende inligting bevat:

- Vak, vlak en vraestelnommer (1, 2 of 3)
- Tyd
- Punte
- Getal bladsye

**3.2 Instruksies/opdragte en inligtingsbladsy**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:  
AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)  
AFDELING B: Opsomming (10 punte)  
AFDELING C: Taal (HT: 30 punte)  
(EAT: 40 punte)  
(TAT: 60 punte)  
AFDELING D: Letterkunde (slegs TAT) (20 punte)
- Lees ALLE instruksies versigtig deur.
- Beantwoord AL die vroegte.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Trek 'n streep na elke afdeling.
- Nommer elke antwoord presies soos wat die vroegte op die vraestel genommer is.
- Laat 'n reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

### 3.3 Afdeling A: Leesbegrip

#### 3.3.1 Vraagstelling:

- **Tipes tekste om leesbegrip te toets:** 'n verskeidenheid tekste kan gebruik word, insluitende visuele en/of grafiese materiaal.

- **Getal leesstukke:** behoort nie meer as **DRIE** te wees nie.

- **Lengte van leesstukke:**

**Huistaal:**

Disjunkte ortografie: 700-800 woorde

Konjunkte ortografie: 500-560 woorde

**Eerste Addisionele Taal:**

Disjunkte ortografie: 600-700 woorde

Konjunkte ortografie: 450-500 woorde

**Tweede Addisionele Taal:**

Disjunkte ortografie: 400-500 woorde

Konjunkte ortografie: 170-230 woorde

- **Kognitiewe vlakke en tipes vrae:** verskillende tipes vrae moet op so 'n wyse gestel word dat al die kognitiewe vlakke gedek word in die volgende verhoudings:

Vlakke 1 en 2:	40% van die totale punt
Vlak 3:	40% van die totale punt
Vlakke 4 en 5:	20% van die totale punt

- **Aspekte om in ag te neem:**

- Vrae moet die volgorde van die teks volg.
- Indien moontlik, moet laer orde vrae eerste voor hoër orde vrae gevra word.
- Karakters/syfers en letters in visuele tekste moet `` duidelik uitkenbaar wees.
- Prente/rame in 'n strokiesprent moet duidelik genommer word.

#### 3.3.2 Nasienmemorandum/nasien van die leesbegrip:

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by HT en EAT gepenaliseer. By TAT word verkeerde spelling van een-woord-antwoorde nie verkeerd gemerk nie, behalwe as die spelling die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.

- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING- vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 'n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie geenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord ondersteep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

### 3.4 Afdeling B: Opsomming

#### 3.4.1 Vraagstelling:

- **Lengte van leesstukke:**

##### **Disjunkte tale::**

HT: 350 woorde opgesom in 80-90 woorde.  
 EAT: 250 woorde opgesom in 60-70 woorde.  
 TAT: ±200 woorde opgesom in 50-60 woorde.

##### **Konjunkte tale:**

HT: 270 woorde opgesom in 60-70 woorde.  
 EAT: 220 woorde opgesom in 50-60 woorde.  
 TAT: ±170 woorde opgesom in 40-50 woorde.

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.

- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne** kan skryf.
- Die leesstuk mag nie uit die leesbegrip se teks(te) kom nie.
- Daar kan van kandidate verwag word om die opsomming **puntsgewys of in paragraafvorm** aan te bied.

### 3.4.2 Nasienmemorandum/nasien van die opsomming

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word **nie geassesseer nie**.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken vir **HT en EAT**:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - Penaliseer soos volg:
    - ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die **res van die opsomming word geïgnoreer**.
    - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
    - ❖ Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie): trek soos volg van die 3 punte wat toegeken word vir taal, af:
      - 0 – 4 foute: geen penalisering
      - 5 – 10 foute: trek 1 punt af
      - 11 - 15 foute: trek 2 punte af
      - 16 foute of meer: trek 3 punte af
    - ❖ Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:
      - 1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
      - 4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
      - 6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af
    - ❖ Trek 1 punt af van die totaal vir getal feite plus taalgebruik indien die kandidaat nalaat om getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

**LET WEL:** Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

### VOORBEELD:

Taal	Sin/Sinsdeel			Getal woorde
ENGELS	I	walk		2
AFRIKAANS	Ek	loop		2
SEPEDI	Ke	a	sepela	3
SESOTHO/SETSWANA	Ke	a	tsamaya	3
TSHIVENDA	Ndi	a	tshimbila	3
XITSONGA	Mina	ndza	famba	3
ISIZULU/SISWATI	Ngiyahamba			1
ISIXHOSA	Ndiyahamba			1
ISINDEBELE	Ngiyakhamba			1

- Vir TAT word punte soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 2 punte vir taal
  - 1 punt indien getal woorde korrek aangedui is
  - Penaliseer soos volg:
    - ❖ Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie): trek soos volg van die 2 punte wat toegeken word vir taal, af.
      - 0 – 5 foute: geen penalisering
      - 6 – 10 foute: trek 1 punt af
      - 11 of meer foute: trek 2 punte af
    - ❖ Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:
      - 1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
      - 4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
      - 6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af

### 3.5 AFDELING C: TAAL

#### 3.5.1 Vraagstelling:

- 'n Verskeidenheid leesstukke (advertensies; strokiesprente; prosatekste) behoort gebruik te word om taalstrukture te toets.
- Vir HT en EAT moet daar **nie meer as 5** verskillende tekste gebruik word nie.

- Vrae behoort die volgorde van die leesstuk te volg.
- Waar moontlik, moet laer orde vrae die middel- en hoër orde vrae voorafgaan.
- Syfers en letters/karakters in visuele tekste moet duidelik uitkenbaar wees.
- Prente/rame in strokiesprente moet duidelik genommer word.
- Die **vier** komponente soos uitgestippel in die Vakriglyndokument (SAG) moet aangespreek word. Verwys hier na die SAG bl. 13 vir HT, bl. 21 vir EAT en bl. 30 vir TAT. Kritiese taalbewustheid sluit vrae in oor redigering, denotasie, konnotasie, vooroordeel, stereotipering, oorredende en manipulerende taal, woordeboekvaardighede, ensovoorts.

### 3.5.2 Nasienmemorandum/nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag  $\frac{1}{2}$  punte toegeken word.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

### 3.6 AFDELING D: LETTERKUNDE (Slegs TAT)

- Verwys na Omsendbrief S8 van 2007 vir die lys met Voorgeskrewe tekste om te bestudeer.
- Die lengte van die vraestel is  $2\frac{1}{2}$  uur.
- TWEE konteksvrae en TWEE uittreksels van TWEE verskillende kortverhale sal gevra word. Kandidate moet enige EEN vraag beantwoord.

**LET WEL:** Uittreksels word in die vraestel gegee.